




satan

Mense in die Bybel




Eva

Mense in die Bybel




Lasarus

Mense in die Bybel




Simson

Mense in die Bybel




Maria

Mense in die Bybel



Paulus

Mense in die Bybel



Moses

Mense in die Bybel



Josef

Mense in die Bybel



Jesus

Mense in die Bybel

**Charades Bybelvasvra: Mense in die Bybel**

## SATAN

1. **Vraag:** Waar kom satan vandaan?
   **Antwoord:** God het hom gemaak (Kol 1:16)

2. **Vraag**: Hoekom het God hom gemaak?
   **Antwoord**: Hy was eers een van God se engele gewees (Eseg 28:16)

3. **Vraag**: Hoekom is hy nie meer een van God se engele nie?
   **Antwoord**: God het hom uit die hemel gegooi (Eseg 28:17)

4. **Vraag**: Hoekom het God hom uit die hemel gegooi?
   **Antwoord**: Hy wou soos God wees, en het homself bo God gestel (Eseg 28:17 / Jes 14:13-14)

5. **Vraag**: Wat is satan se naam?
   **Antwoord**: Lucifer

6. **Vraag:** Hoe 'trick' satan ons?
   **Antwoord:** Hy doen hom voor as 'n engel van die lig (2 Kor 11:14)

7. **Vraag:** Hoekom is satan so gevaarlik?
   **Antwoord:** Hy loop rond soos 'n brullende leeu om te kyk wie hy kan verslind (1 Pet 5:8)

## EVA

1. **Vraag**: Wie was Eva se man gewees?
   **Antwoord**: Adam

2. **Vraag**: Hoe het die slang vir Eva verlei om van die vrugte te eet?
   **Antwoord**: Hy het haar laat twyfel aan dit wat God gesê het (Gen 3:1-23)

3. **Vraag**: Wat was Eva se straf vir haar ongehoorsaameheid volgens Gen 3:16 gewees?
   **Antwoord**: Sy sal baie swaar kry met haar swangerskappe; sy sal kinders met pyn in die wêreld bring; sy sal hunker na haar man; haar man sal oor haar heers.

4. **Vraag**: Wie was Eva se kinders gewees?
   **Antwoord**: Kain en Abel (Gen 4:1-2)

5. **Vraag**: Wat het Kain met Abel gedoen?
   **Antwoord**: Hom doodgemaak (Gen 4:8)

6. **Vraag**: Hoekom het Kain vir Abel doodgemaak?
   **Antwoord**: Hy was jaloers omdat God Abel se offer aanvaar het maar nie syne nie (Gen 4:6)

## LASARUS

1. **Vraag**: Wie was Lasarus se twee susters gewees?
   **Antwoord**: Marta en Maria (Joh 11:1-2)

2. **Vraag**: Hoe lank het Jesus gewag voordat Hy na Lasarus toe is?
   **Antwoord**: 4 dae (Joh 11:17)

3. **Vraag**: Hoekom was Marta en Maria so ontsteld omdat Jesus so lank gevat het om te kom?
   **Antwoord**: Hy sou nie gesterf het as Jesus vroeër daar was nie (Joh 11:21)

4. **Vraag**: Hoe weet ons Jesus was baie lief vir Lasarus gewees?
   **Antwoord**: Jesus het oor hom gehuil (Joh 11:35)

5. **Vraag**: Hoekom wou Marta nie hê dat hulle die klip wegrol nie?
   **Antwoord**: Hy het al geruik, want dit was al die vierde dag (Joh 11:39)

6. **Vraag**: Hoe het Jesus vir Lasarus uit die dood uit opgewek?
   **Antwoord**: Hy het eers gebid, en Lasarus toe geroep (Joh 11:41-43)

7. **Vraag**: Hoe het Lasarus gelyk toe hy uit die graf uit kom?
   **Antwoord**: Sy hande, voete en gesig was nog toegebind met die doeke (Joh 11:44)

## SIMSON

1. **Vraag:** Hoe het Simson se ma geweet dat sy 'n seun gaan hê?
   **Antwoord:** 'n Engel het aan haar verskyn en dit vir haar gesê (Rig 13:3)

2. **Vraag**: Wat het die engel gesê mag Simson nie doen nie?
   **Antwoord**: Sy hare afsny nie (Rig 13:5)

3. **Vraag**: Watter groot ding sou Simson doen?
   **Antwoord**: Hy sou die Israeliete begin red uit die mag van die Filistyne (Rig 13:5)

4. **Vraag**: Waarvoor was Simson baie bekend gewees?
   **Antwoord**: Dat hy baie sterk was (Rig 16:5)

5. **Vraag**: Waarin het Simson se groot krag gelê?
   **Antwoord**: Sy hare (Rig 16:17)

6. **Vraag**: Op wie wag Simson verlief gewees?
   **Antwoord**: Delila (Rig 16:4)

7. **Vraag**: Wat het sy met hom gedoen
   **Antwoord**: Sy het aangehou dat hy haar sy geheim van sy groot krag gee, en toe hy dit uiteindelik gee, het sy hom aan die slaap gemaak en sy hare afgesny en sy groot krag het verdwyn (Rig 16:17-19)

## MARIA

1. **Vraag**: Wie was Maria se eerste kind gewees?
   **Antwoord:** Jesus (Luk 1:31)

2. **Vraag**: Wie was Maria se man gewees?
   **Antwoord**: Josef (Matt 1:24))

3. **Vraag:** In watter dorp het Maria gebly?
   **Antwoord**: Nasaret (Luk 1:26)

## PAULUS

1. **Vraag**: Watter soort werk het Pauls gedoen – behalwe dat hy ‘n apostel was?
   **Antwoord**: Tentmaker (Hand 18:1-3)

2. **Vraag**: Wat het Paulus gedoen voordat hy ‘n apostel was?
   **Antwoord**: Christene vervolg en laat doodmaak (Hand 8:1-3)

3. **Vraag**: Hoe het dit gebeur dat Paulus die Christene nie meer vervolg het nie?
   **Antwoord**: God het hom oppad Damaskus toe laat blind word, en ‘n ontmoeting met hom gehad, daar is vir hom gebid, hy het hom laat doop, en het ‘n volgenling van Jesus geraak (Hand 9:1-19)

4. **‘n Paar interessante feite rondom Paulus:**
   - Paulus het die klere opgepas van die manne wat Stefanus gestenig het – Hand 7:58
   - Paulus het die Bybel goed geken – Hand 22:3
   - Medegelowiges het Paulus een nag in ‘n mandjie teen die stadsmuur laat afsak omdat die Jode hom wou doodmaak – Hand 9:25
   - Medegelowige in Jerusalem was bang vir Paulus gewees, want hulle kon nie glo dat hy ‘n volgeling van Jesus geword het nie – Hand 9:26
   - Paulus is gestenig en vir dood gelos, nadat die gelowiges rondom hom gaan staan het het hy opgestaan – Hand 14:19-20.
   - Paulus en Barnabas het so sterk verskil oor wie hulle saam op ‘n sendingreis moes neem, dat hulle van mekaar geskei het – Hand 15:36-39

- Paulus en Silas het in die tronk gebid en tot lof van God gesing nadat hulle baie geslaan was. Terwyl hulle sing was daar ‘n aardbewing, en die tronkbewaarder en sy familie het tot bekering gekom – Hand 16:23-33
- Paulus het eenkeer so lank gepreek dat ‘n jong man met die naam Eutigus hom by die venster van die derde verdieping uit doodgeval het. Paulus het vir hom gebid en hy het lewendig geword – Hand 20:9-12

## MOSES

1. **Vraag**: Hoekom het God vir Moses geroep?
   **Antwoord**: Moses moes die Israeliete, God se volk, uit Egipte te lei (Eks 3:10)

2. **Vraag**: Wat was Moses se verskoning hoekom hy dit nie kon doen nie?
   **Antwoord**: Hy praat swaar en sy tong sukkel (Eks 3:10)

3. **Vraag**: Hoe het God hom hiermee gehelp?
   **Antwoord**: Hy het sy broer Aaron saam gestuur, en het belowe om self by hulle te wees, en hulle te leer (Eks 3:14-16)

4. **Vraag**: Noem ‘n paar van die wonderwerk wat God deur Moses gedoen het:

   - Water in bloed verander – Eks 7:19
   - As hy sy staf neergooi raak dit ‘n slang, en as hy dit optel weer ‘n staf – Eks 7:9-10
   - Moses het die see met sy staf laat skei – Eks 14:16;21
   - Moses het water uit ‘n rots laat kom – Eks 17:5-6
   - Moses het bitter water soet laat raak – Eks 15:23-25

## JOSEF

1. **Vraag**: Wat het Josef se broers hom genoem?
   **Antwoord**: Die dromer (Gen 37:19)

2. **Vraag**: Hoekom het Josef se broers nie van hom gehou nie?
   **Antwoord**: Josef het slegte stories oor sy broers by sy pa aangedra (Gen 37:2); Josef se pa was vir hom die liefste van al sy kinders (Gen 37:4); Oor sy drome en sy praatjies (Gen 37:9)

3. **Vraag**: Aan wie is Josef in Egipte verkoop?
   **Antwoord**: Aan Potifar (Gen 39:1)

4. **Vraag**: Hoekom het Josef in die tronk beland?
   **Antwoord**: Potifar se vrou het gesê dat hy by haar probeer aanlê het (Gen 39:17)

5. **Vraag**: Wie se drome het Josef eerste in die tronk uitgelê?

**Antwoord**: Die skinker en die bakker s'n (Gen 40)

6. **Vraag**: Wat het gebeur nadat Josef die Faro se droom uitgelê het?
   **Antwoord**: Josef is oor die hele Egipte aangestel (Gen 41:43)

7. **Vraag**: Wat het Josef besef toe hy sy broers weer in Egipte sien?
   **Antwoord**: God het hom voor sy broers uitgestuur om hulle lewens te red (Gen 45:5)

## JESUS

1. **Vraag**: Hoe oud was Jesus toe Hy begin bedien het?
   **Antwoord**: ongeveer 30 jaar oud – Luk 3:23

2. **Vraag**: Hoeveel apostels het Jesus gehad?
   **Antwoord**: 12 – Mark 3:14-19

3. **Vraag**: Hoeveel keer het Jesus broodjies en vissies vermeerder
   **Antwoord**: twee keer – Matt 14:13-21 / Matt 15:32-39

4. **Vraag**: Twee van Jesus se dissipels het Hom in die rug gesteek. Wie was hulle en wat het hulle gedoen?
   **Antwoord**: Petrus het Jesus verloën (Joh 18:15-27) en Judas het Jesus verraai (Matt 26:14-15)

5. **Vraag**: Vir wie het Jesus uit die dood uit opgewek?
   **Antwoord**: Lasarus – Joh 11:38-44

6. **Vraag**: Watter dissipel het saam met Jesus op die water geloop?
   **Antwoord**: Petrus – Matt 14:28-30

7. **Vraag**: Waar het Jesus die water in wyn verander?
   **Antwoord**: Die bruilof in Kaänan – Joh 2:1-11

8. **Vraag**: Hoe weet ons dat die natuur na Jesus luister?
   **Antwoord**: Hy het die storm stilgemaak – Matt 8:23-27

9. **Vraag**: Hoekom het Jesus aarde toe gekom?
   **Antwoord**: Om vir ons sondes aan die kruis te sterf – Joh 3:16-17

10. **Vraag**: Hoekom is Jesus so belangrik?
    **Antwoord**: Want Hy is die enigste manier om by God uit te kom – Joh 14:6

11. **Vraag**: Hoe onthou ons wat Jesus vir ons gedoen het?
    **Antwoord**: Deur die nagmaal gereeld te gebruik – Matt 26:26-30